TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 6/3/2017 **Datum: 31 Aug 2017**

Uit die kantoor:

Leerlinge wat verhuis

Om te begroot vir volgende jaar moet ons weet wat ons leerlinggetalle vir 2018 gaan wees. Ouers wat reeds weet dat hulle gaan of moontlik gaan verhuis, moet asb die ingeslote omsendskrywe lees en voltooi en vir ons voor 11 Sept terugstuur.

Graad 1 Opedag

Baie dankie aan al die graad 1 ouers van 2018 wat die inligtingsessie bygewoon het. Ons vertrou dat dit van waarde was. U is steeds welkom, ook die wat dit nie kon bywoon nie, om met die skool te skakel sou daar enige onduidelikheid wees.

Middagstudiegelde

Ouers wie se middagstudie-gelde uitstaande is, word versoek om u rekening teen 4 September te vereffen. Indien nie, het ons geen keuse as om u kind vanaf Dinsdag, 5 September by die middagstudie te weier nie. Middagstudie is ‘n opsionele diens wat die BL lewer en val buite die skolewet wat bepaal dat kinders skool-pligtig is.

BELANGRIKE DATUMS:

31 Aug: Dogter Hokkieliga @ PBS

1 Sept: Lentedag. Sien die volledige inligting op bl 2.

Die Gr 7 voortrekkers woon die naweek ‘n kamp te Doornkloof by. Hulle doen hulle PD Voorslagknoop evaluasie wat nogals moeilik is. Baie sterkte.

Die 0/12 Netbalspan neem aan ‘n “Fast five” netbaltoernooi by Fichardtpark deel, as deel van hulle 40-jarige feesvieringe.

4 Sept: Ons skakel oor na somersdrag, indien die weer dit toelaat.

10 van ons musiekleerlinge doen hulle UNISA praktiese eksamen. Ons hou duimvas dat dit goed gaan.

Dogters tennisliga

5 Sept: Finansiële- en BL vergaderings

6 Sept: Seunstennisliga

7 Sept: Hokkieliga @ Willem Postma

Buitemuurs staak. Indien daar iets is wat nie afgehandel is nie, sal die afrigters onderling reël.

Skoolgelde vir September is betaalbaar.

8 Sept: VCSV kamp by Retiefkampterrein. Leerlinge wat ingeskryf het sal die volledige reëlings ontvang.

BLOEMFONTEIN KINDERKOOR

Die Bloemfontein Kinderkoor bied op 2 September 2017 van 11h00 tot 13h00 ‘n Opedag aan by die Universitas Geloofsentrum in Straussstraat, Universitas.

Oudisies begin ook vanaf Septembermaand.

Vir enige navrae en afsprake vir oudisies kan u met Elorese Pieterse skakel (0722944117)

VCSV (Herhaal)

Tjokkies se VCSV kamp vind plaas op 8 – 10 September 2017. Dis by Retiefkamp-terrein en kostes beloop R400 per kind. Hierdie is beslis ‘n kamp wat jy nie moet misloop nie. Kom haal gerus ‘n inskrywingsvorm by juf. Liezl Hiten of by die kantoor.

Personeel wat die leierskapkursus te Port Elizabeth bygewoon het.

LENTEDAG VRYDAG 1 SEPTEMBER 2017

Tema: *'n Hoed om die lente te groet!*

Betaal R5 vir gewone klere en sit enige hoed op jou kop. Dit is ons deel vir kindersorg se Loslitdag.

'n 'Doughnut' en Twizza kan ook gekoop word @ R10

Alle gelde is betaalbaar by die klasonderwysers voor/op Woensdag 30 Augustus.

KLEREBANK

Indien u ekstra hangers by die huis het stuur dit asb vir ons. Tans is daar heelwat klere wat nie uitgepak is nie, weens 'n tekort aan hangers.

Daar is ook heelwat goeie somersdrag te koop, maak dus eers daar 'n draai voordat u nuwes gaan koop.

SNUFFELS

HUIS TE KOOP

Ruim, netjiese 4 slaapkamerhuis met 2 badkamers, motorhuis vir 4 motors, boorgat, swembad en lapa. Oorkant Tjokkies se tennisbane. 079 5433 716

Oud-Tjokkie beskikbaar vir hulp met huiswerk, buitemuurs en vervoer

Naam: Friedl Janse van Rensburg
Selfoon: 076 042 7777
Kwalifikasie: Eerstejaar-student: B Ed Intermediêre Fase
Hoofvakke: Wiskunde en Wetenskap
Sport: Tennis en Netbal
Kultuur: Redenaars en Drama
Area: LHP/Univ-Rif/Universitas
Tarief: R60 per uur; R3,50 per km

HET U KIND HULP NODIG MET HUISWERK?

Ek is 'n eerstejaar onderwys-student aan die Universiteit van die Vrystaat. Ek is bereid om u kinders weeksmiddae te help met huiswerk. Ek woon in Fichardtpark, en is bereid om by u huis te help met u kinders.
Kontak Riani by 0734640600 sodat ons iets kan uitwerk.

SNUFFELS

LENTELOFFEES

Lig vir die wêreld
A light to the nations
Geloofsentrum Universitas
3 September 18:00

Kom ervaar 'n aand van lof en aanbidding saam met 'n orkes van 40 lede, soliste en die BLISS a capella damesgroep. Loof die Here saam met trompette, fluite, viole, kitare, tromme en vele meer en kom hoor hoe jy 'n lig vir die wêreld kan wees. Die diens is tweetalig en die hele stad word hierheen uitgenooi. Nooi gerus al jou vriende na hierdie besondere geleentheid. Die diens word gelei deur ds. André Oosthuizen en die musiek staan onder leiding van Anton Esterhuyse. Toegang is gratis. (Daar sal wel 'n kollekte opgeneem word.)

ANNIQUE HEALTH AND BEAUTY

Uitstekende reeks velsorg, lyfsorg en leefstylprodukte ontwikkel uit rooibos wat anti-allergies is.

Kontak my vir 'n brosjure of vir:

- Persoonlike vel- en vitamien analise
- "Pamper" partytjies
- Gewigsverlies
- Produkte
- As jy belangstel om 'n konsultant te word

Hannetjie
083 287 0339

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS
TOETSROOSTER:

21 SEPTEMBER 2017 – 29 SEPTEMBER 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
21 SEPT DONDERDAG				EBW
22 SEPT VRYDAG	AFR	AFR	AFR	AFR
26 SEPT DINSDAG	WISK	WISK	WISK	WISK
27 SEPT WOENSDAG	ENG	ENG	ENG	ENG
28 SEPT DONDERDAG	NWT	NWT	NWT	NW/TEG
29 SEPT VRYDAG	SW	SW	SW	SW

PERIODES EN TYE VIR SEPTEMBER TOETSREEKS:

21 SEPT 2017 TOT 29 SEPT 2017

PERIODE 1	07:45 - 08:10
PERIODE 2	08:10 - 08:30
PERIODE 3	08:30 - 08:50
KORTPOUSE	**08:50 - 09:00**
TOETSE	**09:00 - 11:00**
LANGPOUSE	**11:00 - 11:30**
PERIODE 8	11:30 - 11:55
PERIODE 9	11:55 - 12:20
PERIODE 10	12:20 - 12:40
PERIODE 11	12:40 - 13:00

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

Die leerders skryf op **Donderdag 28 & 29 Sept vanaf 07:30 tot 09:00.**
Die rede hiervoor is die veldnommers van atletiek wat daarna gaan plaasvind en die laaste dag sluit die skool.
LW: Gr 7 leerders neem nie deel aan velditems nie.